

## GENERIESE BESTUURSKALENDER – SOMERREËN GEBIED

### FEBRUARIE & MAART

Die NWKV se Produksie Advies Diens publiseer elke 2 maande 'n lys van bestuurs-aksies wat ons as belangrik vir die volgende 2 maande beskou. Dit sal u help om u veekudde beter te bestuur.

- 1 Dragtige ooie (wat in Oktober en November gepaar is) (Hierdie aksies moet 4 weke voor die ooie lam afgehandel wees)
  - 1.1 Mikskeer of skeer die ooie. Jong lammers is dom en sal aan enige iets wat langwerpig en rond is suig, al is dit ook lox. Maak seker dat die uier ook skoon geskeer is.
  - 1.2 Ent ooie teen pasteurella en bloednier. Enting teen blou-uier, rooiderm en bloedderm is opsioneel.
  - 1.3 Doseer of spuit ooie met 'n breë spektrum middel teen rondewurms (veral haarwurm) en neuswurm.
  - 1.4 Spuit of doseer met Vitamien A en minerale.
  - 1.5 Monitor die ooie se kondisie weekliks vir die laaste 8 weke van dragtigheid. Ooi wat maer is as hulle lam maak hul lammers swak groot. Gee kos vroegtydig indien nodig. Maak seker dat hierdie ooie nie kondisie verloor nie. Kondisie-punt die ooie weekliks en gee kos of lek sodra die kondisie begin verswak. Let veral op na die kondisie van meerling- en tweetand-ooie. Hierdie ooie lyk gewoonlik goed omdat hulle buike baie uitsit, maar kan maklik kondisie verloor sonder dat dit sigbaar is. Ooie wat in 'n swak kondisie lam se melkproduksie is swak, die lammers groei swak en die daaropvolgende besetting is swakker.

**Belangrik:** Lees alle dieregesondheid produkte se pamflette om seker te maak dat dit veilig is vir dragtige ooie en hoe om dit veilig te gebruik.

- 2 Ooie wat gepaar gaan word

2.1 Skuif die ooie na vars kampe 14 dae voor die ramme bykom om hulle op 'n natuurlike wyse te prikkel/koggel. Die afskeer van ooie is 'n ander natuurlike manier om hulle te prikkel/koggel.

3 Mikskeer die ooie (indien nodig). Dit help die ramme om hul gemakliker te dek.

4 Ramme (Alle aksies moet **minstens 8 weke voor paring** afgehandel wees om tydelike steriliteit te vermy)

4.1 Skeer die ramme en doen alle nodige inentings, doserings en aanvullings van minerale vir die herfsparing. Sorg dat die ramme in 'n goeie kondisie is voor paring. Prikkelvoeding soos hawerpitte of 'n goeie lek gee goeie resultate. Wees versigtig vir skoon mielies of sjokolade mielies, aangesien dit tot die aansameling van vet om die testis kan lei, wat die ramme se vrugbaarheid aantast. 'n Lek hoog in proteïene word aanbeveel. Sorg vir genoeg vreetspasie sodat die ramme almal gelyktydig kan vreet. Ramme moet pers tussen die voor- en agterbene wees wanneer hulle na die ooie gaan.

4.2 Laat toets vir vrugbaarheid en geslagsiektes

4.3 Doseer ramme 20 ml koringkiem/week vir die laaste 4 weke voor hulle na die ooie gaan

4.4 Maak die ramme fiks

4.5 Doseer of spuit met 'n breet spektrum middel teen rondewurms (veral haarwurm) en neuswurm. Die ramme se neuse moet skoon wees om die ooie wat op hitte is ordentlik te kan ruik.

4.6 Maak seker dat die ooie en ramme skoon is van BOSLUISE.

5 Koggelramme (opsioneel hierdie tyd van die jaar)

5.1 Koggel die ooie vir 9 dae voor paring. Haal koggels uit teen laat middag van dag 9 en vervang met ramme.

5 Predatore

5.1 Begin om kampe waarin daar gelam gaan word te monitor vir ongewenste predatore. Tref vroegtydig voorsorg en pak gate onder deur drade toe. Moenie dit uitstel tot die ooie begin lam nie, want dan het die ooie u volle aandag nodig.

**BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN DIE DIERE-GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE DRAGTIGE OOIE MET LEWENDIGE ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN SLENKDAL ENT NIE. DIT KAN ABORSIES VEROORSAAK. LEES ALLE ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE PAMFLETTE OM U TE VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.**